Die Hemelvaart van Onse Here Jesus Christus

Jesus sê toe vir sy dissipels:

"Gaan die hele wêreld in en verkondig
die evangelie aan die hele mensdom.
Wie tot geloof gekom het en gedoop is,
sal verlos word;
maar wie nie tot geloof gekom het nie,
sal veroordeel word.
Nadat die Here Jesus met hulle gepraat het,
is Hy in die hemel opgeneem
en het aan die regterhand van God gaan sit.
Hulle het toe uitgegaan en oral gepreek.
Die Here het met hulle meegewerk
en die prediking bevestig met wondertekens
wat daarop gevolg het. Amen."

(Uit die heilige Evangelie volgens Markus 16: 15-16, 19-20)

© Die Oratorium Uitgewery